



education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

DRAMATIESE KUNSTE

RIGLYNE VIR PRAKTIESE ASSESSERINGSTAKE

2010

Hierdie riglyne bestaan uit 27 bladsye.

HERSIENDE PAT-DOKUMENT VIR DRAMATIESE KUNSTE 2009 PRAKTIESE ASSESSERINGSTAKE (PAT's) VIR DRAMATIESE KUNSTE

RIGLYNE VIR DIE OPVOEDER:

1. INLEIDING

Die 17 vakke van die Nasionale Kurrikulumverklaring wat 'n praktiese komponent bevat, sluit almal PAT's in, dit is 'n PraktieseAssesseringstaak.

Hierdie vakke is:

- LANDBOU: Landboubestuurwetenskappe, Landboutegnologie
- KUNSTE: Dansstudies, Ontwerp, Dramatiese Kunste, Musiek, Visuele Kunste
- MSS: Lewensoriëntering
- WETENSKAPPE: Rekenaartoepassingstegnologie, Inligtingstegnologie
- DIENSTE: Verbruikerstudies, Gasvryheidstudies, Toerisme
- TEGNOLOGIE: Siviele Tegnologie, Elektriese Tegnologie, Ingenieursgrafika en -ontwerp, Meganiese Tegnologie

'n PAT laat die opvoeder toe om toegepaste bevoegdheid direk en sistematies waar te neem. Die PAT bestaan uit die toepassing/uitvoering van die kennis, vaardighede en waardes eie aan daardie vak.

Die PAT word in die eerste drie kwartale van die skooljaar geïmplementeer. Die beplanning en uitvoering van die PAT verskil van vak tot vak.

2. VEREISTES: PAT-TAKE VIR DRAMATIESE KUNSTE

Die tabel hieronder, soos vervat in die Vakassesseringsriglyne (VAR), dui al die take aan wat deur die loop van die jaar vir Dramatiese Kunste voltooi moet word.

Vir die doel van die PAT's val die klem op Kwartaal 1, 2 en 3; Taak 1, 3 en 5.

JAARPROGRAM VIR ASSESSERING GRAAD 10 en 11			
SKOOLGEBASEERDE ASSESSERING (SBA)			
Kwartaal 1	Kwartaal 2	Kwartaal 3	Kwartaal 4
Taak 1: Praktiese Assesseringstaak (PAT) (Groep) (50) <ul style="list-style-type: none"> • Voorbereiding (25) • Aanbieding (25) 	Taak 3: Praktiese Assesseringstaak (PAT) (Individueel) (50) <ul style="list-style-type: none"> • Voorbereiding (25) • Aanbieding (25) 	Taak 5: Praktiese Assesseringstaak (PAT) (Groep) (50) <ul style="list-style-type: none"> • Voorbereiding (25) • Aanbieding (25) 	
Taak 2: Toets (50)	Taak 4: Graad 10 Midjaareksamen (200) <ul style="list-style-type: none"> • Geskrewe eksamen (100) • Praktiese eksamen (100) Graad 11 Midjaareksamen (300) <ul style="list-style-type: none"> • Geskrewe eksamen (150) • Praktiese eksamen (150) 	Taak 6: Toets (50)	Taak 7: Graad 10 en 11 Jaareindeksamen (300) <ul style="list-style-type: none"> • Geskrewe eksamen (150) • Praktiese eksamen (150)

JAARPROGRAM VIR ASSESSERING GRAAD 12			
SKOOLGEBASEERDE ASSESSERING (SBA)			EKSTERNE ASSESSERING
Kwartaal 1	Kwartaal 2	Kwartaal 3	Kwartaal 4
Taak 1: Praktiese Assesseringstaak (PAT) (Groep) (50) <ul style="list-style-type: none"> • Voorbereiding (25) • Aanbieding (25) 	Taak 3: Praktiese Assesseringstaak (PAT) (Individueel) (50) <ul style="list-style-type: none"> • Voorbereiding (25) • Aanbieding (25) 	Taak 5: Praktiese Assesseringstaak (PAT) (Gekombineerd individueel en groep) (50) <ul style="list-style-type: none"> • Voorbereiding (25) • Aanbieding (25) 	
Taak 2: Toets (50)	Taak 4: Midjaareksamen (300) <ul style="list-style-type: none"> • Geskrewe eksamen (150) • Praktiese eksamen (150) 	Taak 6: Toets (50)	Eksterne eksamen (300) <ul style="list-style-type: none"> • Geskrewe eksamen (150) • Praktiese eksamen (150)
		Taak 7: Rekordeksamen (300) <ul style="list-style-type: none"> • Geskrewe eksamen (150) • Praktiese eksamen (150) 	

Die drie Praktiese Assesseringstake (PAT's) 1, 3 en 5 van die Jaarprogram vir Assessering, bevat twee afdelings.

- **Algemeen:** Die Vereistes van die leeruitkomste en assesseringstandaarde van die vak Dramatiese Kunste moet in ag geneem word wanneer die PAT's beplan en geïmplementeer word. In elke jaar moet daar individuele en groep- praktiese werk wees. 'n Oorspronklike werkplan moet vir graad 10 en 11 opgestel word; verskillende vorme en style van opvoering en aanbieding moet in die PAT's gedek word.

Die PAT's sal op al vier leeruitkomste fokus, en Taak 1, 3 en 5 sal elk uit 50 punte tel.

Elk van die 3 PAT's (Taak 1, 3 en 5) van die Jaarprogram vir Assessering bestaan uit twee afdelings:

- **Afdeling 1: Voorbereiding** as 'n **teoretiese** komponent.
Die fokus van hierdie komponent is om die kritiese, analitiese en kognitiewe vaardighede van die leerders te ontwikkel.
Die geskrewe voorbereiding moet bestaan uit beplanning, voorbereiding, implementering, terugskouing, optekening ensovoorts in die vorm van 'n opstel, navorsing, opdrag ensovoorts om vir die praktiese komponent van die PAT voor te berei. Die doel van die geskrewe komponent is om kognitiewe en konseptuele begrip van die vaardighede, kennis en houdingskomponente wat vir die praktiese komponent vereis word, te demonstreer.

Die doel van die geskrewe werk is om:

- Die leerder toe te laat om deur 'n proses van akademiese voorbereiding vir die praktiese taak te werk.
 - Die leerder se begrip van klaskameronderrig te verdiep en te konsolideer
 - Die leerder vir die teoretiese vereistes van die Nasionale Senior Sertifikaateksamen voor te berei.
 - Die belangrikheid van die integrasie van teorie en praktyk in die vak Dramatiese Kunste te beklemtoon; en
 - Die leerder vir die teoretiese vereistes van die midjaar-, jaareind- en eksterne geskrewe eksamen voor te berei waar van leerders verwag word om 'n teoretiese vraestel te skryf.
- **Afdeling 2: Aanbieding** as 'n **praktiese** komponent.
Die fokus van hierdie komponent is om die praktiese toepassing van kennis, vaardighede en waardes soos in die leeruitkomste en assesseringstandaarde, te ontwikkel. Dit berei ook die leerder voor vir die praktiese vereistes van die midjaar-, jaareind- en eksterne praktiese eksamens waar van leerders verwag word om 'n temaprogram, oudisieprogram of tegniese program aan te bied.
Raadpleeg VAR, Januarie 2008, p 15 vir besonderhede oor die tegniese program.

■ Voorgestelde PAT's vir graad 10: (VAR bl. 11)

- Groepgebaseerde praktiese bewegingsitem, mimiek, dansdrama, tablo, toneeluittreksel, storievertelling of poësie (koorspraak)
- Individuele prakties: poësie, populêre of kulturele opvoering of ritueel

■ Voorgestelde PAT's vir graad 11: (VAR bl. 11)

- Groepgebaseerde prakties: toneeluittreksel, poësie, fisiese teater, werkwinkel
- Individuele prakties: monoloog, prosa, poësie, uittreksels uit dramas, navorsing, improvisering en werkwinkels wat tot die Praktiese Eksamen in kwartaal 4 sal ontwikkel
- Berei voor vir en woon 'n formele dramaproduksie by en skryf 'n resensie. Onderzoek verskillende maniere om oor eie en ander se werk na te dink. (sien LU4)

Raadpleeg die tabel hieronder vir meer besonderhede oor die voorbereiding/teoretiese en die praktiese komponente van die PAT's

Voorbereiding of Teoretiese Komponent van die PAT's			
	Praktiese Assesseringstaak	Praktiese Assesseringstaak	Praktiese Assesseringstaak
Vir die doel van standaardisering en die inkrementele ontwikkeling van die leerders se teoretiese en kognitiewe ontwikkeling, word die volgende teoretiese komponente voorgestel vir die voorbereiding vir of terugskouing oor die praktiese komponent van die PAT-take.	<p>Voorbereiding: Opstel Raadpleeg die Riglyndokument, opskrif 5, vir die formaat van die opstel.</p> <p>Leerders gebruik die teoretiese ondersteuningsmateriaal wat deur die opvoeder aan hulle gegee is (klasnotas) en pas die inligting toe wanneer hulle voorbereiding of 'n terugskouing doen oor die praktiese werk wat in die PAT gedoen is.</p>	<p>Voorbereiding: Navorsing Raadpleeg die riglyndokument, opskrif 5 vir die formaat van die navorsing.</p> <p>Leerders versamel addisionele eksterne bronmateriaal om onafhanklike navorsing te doen om hul begrip van die praktiese werk wat in die PAT gedoen word, te verryk.</p>	<p>Voorbereiding: Opdrag (eie keuse) Raadpleeg die Riglyndokument, opskrif 5, vir die formaat van die opdrag.</p> <p>Leerders bespreek hul beplanning en voorbereiding vir die praktiese komponent van die PAT. Dit word aanbeveel dat die opdrag ook gebruik word as voorbereiding vir die geskrewe en praktiese eksamen.</p> <p>Elke leerder versamel, ontleed, interpreteer en bied inligting aan oor hul individuele reis na die PAT praktiese komponent, en die geskrewe en praktiese eksamenkomponente.</p>
	LET WEL: Die fokus van die 3 PAT-take (opstel, navorsing en opdrag, hoef nie in die volgorde hierbo gedoen te word nie. Alhoewel al 3 PAT-take binne 'n jaar voltooi moet word, mag die opdrag, opstel en navorsing in enige van die drie kwartale gedoen word, volgens elke skool se spesifieke beplanning.		

PRAKTIESE KOMPONENT VAN DIE PAT'S

Dramastukke	Kwartaal 1: Taak 1	Kwartaal 2: Taak 3	Kwartaal 3: Taak 5
Raadpleeg Leeruitkoms 2 in Graad 10, 11 en 12 vir bykomende voorbeelde	Opvoeders moet 'n dramaopvoering kies wat die beste by die konteks van die skool, die leerder se ontwikkeling en die tyd van die jaar sal pas. Merk in die kolomme onder Taak 1/3/5 watter dramaopvoerings gekies is.		
Vertellingstegniek			
Poesievoordrag			
Gedramatiseerde prosa			
Beweging			
Mimiek			
Dansdrama			
Kulturele dansdrama			
Monoloogwerk			
Toneelwerk			
Redenaarskuns			
Verhoogte voordrag			
Fisiese teater			
Kulturele dansvorms			
Werkswinkelteater			
Protesteater			
Teater in onderwys			
Werkersteater			
Satiriese revue			
Gemeenskapsteater			
Inheemse opvoerings			
Storievertelling			
Retoriek			
Werkswinkeldramas			
Teksdramas			
Individuele poesiewerk			
Individuele gedramatiseerde prosa			
Groepbeweging			

Groepdans			
Groep populêre opvoering			
Groep tonele			
Geïmproviseerde tonele			
Gedramatiseerde storievertelling			
Groepkoorspraak			
Groepgebaseerde oorspronklike opvoering			
Groep gedramatiseerde prosa			
Groep inheemse opvoerings			
Musiekopvoering			
Die volgende drama-elemente is vir die ondersoek van die tegniese moontlikhede in Drama	Opvoeders moet 'n dramaopvoering kies wat die beste by die konteks van die skool, die leerder se ontwikkeling en die tyd van die jaar sal pas. Merk in die kolomme onder Taak 1/3/5 watter dramaopvoerings gekies is.		
Toneeldekorasie			
Rekwisiete			
Beligting			
Klank			
Kostuums			
Grimering			
Spesiale effekte			
Produksieskedules			
Repetisies			
Verhoogbestuurplanne			
Bemarkingsplanne			
Saalprosedures			
Toneelspel			
Regie			
Skryf			
Werkswinkel			
Bestuur			
Ontwerp			
Bemarking			
Tegniese aspekte			

4. AANBEVOLE HULPBRONNE OF TOERUSTING BENODIG VIR DIE TAKE

Die volgende hulpbronne, toerusting en fasiliteite word benodig vir die implementering van die PAT's:

- Lêers/vouers/kartonhouers/boeke/koeverte
- Literatuur/artikels/tekste oor:
 - Voorgestelde handboeke: *O.B.E for FET. Dramatic Arts and Future Entrepreneurs; O.B.E. Plus*
 - Drie voorgestelde dramas vir graad 10 en 11. Raadpleeg Leerprogram (LPG)
 - Drie voorgeskrewe dramas vir graad 12. Sien Omsendbrief S1 van 2007
 - Artikels uit gepubliseerde Dramahandboeke, koerante, tydskrifte, die Web en geloofwaardige bronne
- Toerusting:
 - Dramavideo's/DVD's (Stemontwikkeling, Fisiese ontwikkeling, Teatergeskiedenis, Dramas)
 - Rekenaar
 - Drukker
 - Televisiestel
 - Videomasjien/videokamera/stil kamera
 - Musieksentrum met CD- en kassetspeler
 - Liaseerkabinet om boeke en dramas te stoor
 - Datakaarte/geheuekaarte/dataprojekteerders/kasette/skootrekenaar/sagteware
 - Gepaste inheemse gemeenskapshulpbronne, bv. Trom, horings
- Fasiliteite:
 - 'n Dubbelklaskamer/studio/repetisiesaal vir praktiese klasse, minimum 14 m x 10 m of 'n skoolsaal.
 - Vierkantige houtblokke (kubusse)
 - Plat skerms/afskortings
 - Rostra
 - Skuimrubbermatte, houtvloere, matte, grasmatte, diervelle
 - Sluitbare staalkabinet om waardevolle toerusting te stoor
 - Klaskamergedeelte vir die opvoeder om lesse voor te berei
 - Klaskamer vir teorie-onderrig met tafels en stoele vir teorielesse
 - Stoorkamer vir kostuums, rekwisiete, ens.
 - Gepaste inheemse gemeenskapsruimtes
 - Die volgende word nie vereis nie, maar sal voordelig wees: 'n verhoog met gordyne, beligting en klankfasiliteite

INSTRUKSIES VIR DIE LEERDER

(OPVOEDERS MOET OOK HIERVOLGENS LEES EN BEPLAN.)

- **Algemeen:** Die vereistes vir die leeruitkomste en assesseringstandaarde van die vak Dramatiese Kunste moet oorweeg word wanneer die PAT's beplan en geïmplementeer word. In elke jaar moet daar individuele en groep praktiese werk wees. 'n Oorspronklike werkplan vir graad 10 en 11 moet opgestel word; verskillende vorme en style van opvoering en aanbieding moet in die PAT's gedek word.

Die PAT's sal op al vier leeruitkomste fokus en Taak 1, 3 en 5 sal elk uit 50 punte tel.

Elk van die 3 PAT's (Taak 1, 3 en 5) van die Jaarprogram vir Assessering bestaan uit twee afdelings:

- **Afdeling 1: Voorbereiding** as 'n **teoretiese** komponent **Section 1: Preparation** (which is a **theoretical** component).

Die fokus van hierdie komponent is om die kritiese, analitiese en kognitiewe vaardighede van die leerders te ontwikkel.

Die geskrewe voorbereiding moet bestaan uit beplanning, voorbereiding, implementering, terugskouing, optekening ensovoorts in die vorm van 'n opstel, navorsing, opdrag ensovoorts om vir die praktiese komponent van die PAT voor te berei. Die doel van die geskrewe komponent is om kognitiewe en konseptuele begrip van die vaardighede, kennis en houdingskomponente wat vir die praktiese komponent vereis word, te demonstreer.

Die doel van die geskrewe werk is om:

- Die leerder toe te laat om deur 'n proses van akademiese voorbereiding vir die praktiese taak te werk.
 - Die leerder se begrip van klaskameronderrig te verdiep en te konsolideer
 - Die leerder vir die teoretiese vereistes van die Nasionale Senior sertifikaateksamen voor te berei.
 - Die belangrikheid van die integrasie van teorie en praktyk in die vak Dramatiese Kunste te beklemtoon; en
 - Die leerders vir die teoretiese vereistes van die midjaar-, jaareind- en eksterne geskrewe eksamen voor te berei waar van leerders verwag word om 'n teoretiese vraestel te skryf.
- **Afdeling 2: Aanbieding** as 'n **praktiese** komponent

Die fokus van hierdie komponent is om die praktiese toepassing van kennis, vaardighede en waardes soos in die leeruitkomste en assesseringstandaarde, te ontwikkel. Dit berei ook die leerder voor vir die praktiese vereistes van die midjaar-, jaareind- en eksterne praktiese eksamens waar van leerders verwag word om groepopvoering (graad 10 en 11) of 'n temaprogram (graad 12), oudisieprogram of tegniese program aan te bied.

5. ASSESSERINGSINSTRUMENTE

Die volgende instrumente word VOORGESTEL vir die assessering van die 3 PAT's (voorbereiding/teorie en opvoering).

Opvoeders moet begrip van die rubrieke met die leerders fasiliteer voordat die take uitgevoer word.

Die **voorbereiding/teoretiese** komponente van die 3 PAT's:

Raadpleeg opskrifte van assesseringsinstrumente hieronder en blaai na voorbeelde verder in hierdie dokument

OPSTEL:	RIGLYNE VIR STANDAARDISERING VAN OPSTEL
OPSTEL:	ANALITIESE MATRIKS
NAVORSING:	RIGLYNE VIR STANDAARDISERING VAN NAVORSING
NAVORSING:	GRADERINGSKAAL
OPDRAG:	RIGLYNE VIR STANDAARDISERING VAN OPDRAG
OPDRAG:	ANALITIESE MATRIKS

RIGLYNE VIR STANDAARDISERING VAN 'N OPSTEL

Opvoeders moet hierdie riglyne gebruik om te verseker dat die volgende gedek word:	
1	INSTRUKSIE <ul style="list-style-type: none"> Onderwerp word duidelik en eenvoudig gestel, insluitend 'n woordelys van terme wat gebruik is. Verdeel onderwerp in kernidees vir paragrawe Sluit voorgestelde tydbestuurplan in: bv. beplanning van afsnydatums, ingee van bewyse ens. Spesifiseer tipe opstel: bv. vergelykend, beskrywend
2	FORMAAT <ul style="list-style-type: none"> Formele struktuur, bv. skryf in paragrawe deur kernidees te gebruik Inleiding, hoofgedeelte van kennis, gevolgtrekking/opsomming Lengte en gewig: bv. die volgende: ± 1 bladsy = ± 250 woorde = ± 25 punte vir 'n kort opstel (pas aan waar van toepassing)
3	INHOUD <ul style="list-style-type: none"> Die inhoud van die opstel moet die volgende weerspieël: Beplande leeruitkomstes en assesseringstandaarde Konseptualisering (begrip) en toepassing van SKV Ondersteuningmateriaal voorgestel/verskaf deur die opvoeder om as basis vir die opstel gebruik te word Integrasie van praktiese ervaring en teoretiese materiaal moet duidelik getoon word Basiese terminologie (taal van drama) wat gebruik word Die opstel moet die praktiese en teoretiese ontwikkeling van die leerder se begrip van die onderwerp weerspieël
4	PUNTE TOEGEKEN <ul style="list-style-type: none"> Raadpleeg Vakassesseringsriglyne: Program van Assessering: Praktiese Assesseringstaak Assesseringsmatriks word aan leerders gegee as deel van die opdrag of instruksies Punte word toegeken volgens die voldoening aan kriteria in die assesseringsmatriks 25 punte word toegeken vir voorbereiding (opstelopdrag) 25 punte word toegeken vir aanbieding Punte word toegeken volgens die voldoening aan kriteria in die assesseringsmatriks

ANALITIESE MATRIKS OM INDIVIDUELE OPSTEL TE ASSESSEER		
Kategorie	Punt %	Vlakbeskrywers [Bewyse]
Uitstaande prestasie	23 - 25	Goed georganiseer, volledig en samehangend, afgeronde struktuur Ondersteun deur 'n uitsonderlike hoë vlak van bevoegdheid In staat om inligting tot oorspronklike interpretasie en deurdagte keuse van feite te verwerk Gebruik 'n verskeidenheid oorspronklike en/of relevante dramatiese verwysings Insig, vloei, waarneming en kennis word sterk uitgedruk
Verdienselike prestasie	20 - 22	Goed georganiseer, omvattend en samehangend, afgeronde struktuur Ondersteun deur 'n hoë vlak van bevoegdheid om inligting tot oorspronklike interpretasie en versigtige keuse van feite te verwerk. Gebruik oorspronklike of ongewone keuse van relevante dramatiese verwysings Dui aan dat insig, waarneming en kennis goed uitgedruk is
Bevredigende prestasie	17 - 19	Georganiseer, omvattend, 'n bevredigende vlak van bevoegdheid, enkele foute is waarneembaar in die struktuur Interessante aanbieding, duidelike stellings, eenvoudige, direkte taalgebruik Ondersteun deur 'n verskeidenheid relevante dramatiese verwysings. Toon goeie begrip van die tema/taak, 'n paar insiggewende stellings Moeite is gedoen met aanbieding
Voldoende prestasie	13 - 16	Struktuur by tye onlogies en nie georganiseer nie, redelike moeite is met aanbieding gedoen Toon 'n basiese begrip, maar neig soms na meganiese en stereotipiese antwoorde Voldoende keuse van relevante dramatiese verwysing Voldoende navorsing, maar blyk gememoriseer te wees Nie altyd 'n hoë vlak van insig nie, soms verbeeldingloos
Middelmatige prestasie	10 - 12	Nie altyd georganiseer en logies gestruktureer nie Nie altyd genoeg inligting nie, soms word insig geopenbaar Bepaalde keuse van inligting Swak taalvaardighede Benodig ondersteuning
Elementêre prestasie	6 - 9	Onsamehangend – geen struktuur, beperkte woordeskat, min poging om inligting op 'n aanvaarbare manier aan te bied. Min moeite om werk op 'n aanvaarbare manier aan te bied. Baie min inligting, deurmekaar, moeilik om te volg, dikwels irrelevant Benodig ondersteuning
Onvoldoende	0 - 5	Onsamehangend, baie min werk, beperkte vaardighede Benodig ondersteuning Irrelevant

RIGLYNE VIR STANDAARDISERING VAN 'N NAVORSINGSTAAK

Opvoeders moet hierdie riglyne gebruik om te verseker dat die volgende gedek word:	
1	<p>INSTRUKSIES of opdrag vir die navorsingstaak:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Duidelik en ondubbelsinnig, maw analiseer/beskryf/vergelyk/evalueer/voorspel/eie opinie • Gebaseer op die relevante Leeruitkoms(te) en Assesseringstandaard(e) wat vir die leerproses gekies is • Demonstreer sensitiwiteit teenoor geslag, ras, taal, klas ens.
2	<p>KENNIS, VAARDIGHEDE EN WAARDES:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die kennis- (teorie) en vaardigheds- (praktiese toepassing) komponente van die vak Dramatiese Kunste is benader en op 'n geïntegreerde manier toegepas.
3	<p>FORMAAT kan enige van die volgende vorme aanneem:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Geskrewe aanbieding (maw 'n navorsingsopstel met inleiding, hoofgedeelte met kennis, gevolgtrekking/opsomming), minimum 300 woorde/2 bladsye • Mondelinge aanbieding wat deur geskrewe materiaal aangevul word (notas, breinkaarte, ens.), 3 – 5 minute per leerder • Forumbespreking/Debat en bygaande teks (15 minute per groep van 5) • Media: Filmgrepe/Video/DVD/Televisiegrepe/radio/koerantartikels: 3 – 5 minute • PowerPoint-aanbiedinge: 3 – 5 minute per leerder • Onderhoude en bygaande teks (5 minute per paar/goep) • Modelle [van verhoogtipies, stelontwerpe, dekor, rekwisiete, kostuums] met bygaande geskrewe bewyse • Collage (gemengde media (A0-grootte)), montage, ens.
4	<p>INHOUD van navorsing:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die Leeruitkomste en Assesseringstandaarde van die vak Dramatiese Kunste vorm die basis vir die konseptualisering en toepassing van die kennis, vaardighede en waardekomponente in die navorsing • Praktiese ervaring en teoretiese ondersteuningsmateriaal (klasnotas en ander hulpbronnemateriaal) moet by die navorsing geïntegreer word • Basies terminologie (die taal van drama) moet in alle geskrewe aanbiedinge gebruik word
5	<p>VOORSTELLE vir die praktiese komponent van die geïntegreerde taak:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Raadpleeg VAR • Graad 10 – 12: Groepgebaseerde prakties: bv. bewegingsitem, mimiekitem, dansdrama, tablo, storievertelling, poësie, koerspraak, populêre en kulturele (inheemse) opvoering, ritueel, toneelwerk, fisiese teater, audiovisueel, improvisering en werkswinkels om die PAT-taak te voltooi.
6	<p>BRONNE/insamel van inligting vir die navorsing:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Verskeidenheid van bronne (onderhoude, veldwerk, menslike hulpbronne, boeke, koerante, televisie, film, internet, ens.) • 'n Minimum van twee bronne (nie meer as een internetbron nie) • Verwysings na bronne (verwysingstelsel/bibliografie) • Vermy plagiaat – slegs etiese gebruik van bronne
7	<p>PUNTE TOEGEKEN</p> <ul style="list-style-type: none"> • Raadpleeg Vakassesseringsriglyne: Program van Assessering • Assesseringsmatriks word aan leerders gegee as deel van die opdrag of instruksies • Punte word toegeken volgens voldoening aan kriteria in die assesseringsmatriks • 25 punte toegeken vir voorbereiding (navorsingstaak) • 25 punte toegeken vir aanbieding

NAVORSING: GRADERINGSKAAL						
	Die leerder het:	PUNTE				
		1	2	3	4	5
1.	'n Duidelik navorsingsonderwerp of –stelling vir ondersoek geformuleer en toon 'n goeie begrip van die taak.					
2.	'n Verskeidenheid materiaal vir navorsing geraadpleeg					
3.	Die navorsing in 'n logiese, insigewende formaat aangebied met bygaande visuele materiaal deur gespesialiseerde woordeskat te gebruik om begrip te demonstreer					
4.	Die navorsing neergepen in 'n opstel of artikel wat duidelik, goed gestruktureer en maklik is om te lees					
5.	Goeie voorbeelde, aanhalings en waarnemings gegee om die onderwerp te ondersteun					

RIGLYNE VIR STANDAARDISERING VAN OPDRAG

Opvoeders moet hierdie afmerklys gebruik om te verseker dat die volgende gedek is:	
1	<p>INSTRUKSIES of opdrag vir die werkopdrag is:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Duidelik en ondubbelsinnig • Op die relevante Leeruitkoms(te) en Assesseringstandaard(e) van Dramatiese Kunste gebaseer • Sensitief teenoor geslag, inklusiwiteit, kultuur, klas, ras en godsdienst
2	<p>KENNIS, vaardighede en waardes:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die kennis- (teorie) en vaardigheds- (praktiese toepassing) komponente van die vak Dramatiese Kunste is begryp en toegepas op 'n geïntegreerde manier
3	<p>FORMAAT van die opdrag:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die opdrag kan 'n individuele of groepaktiwiteit wees
4	<p>INHOUD van die opdrag:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die opdrag word gebruik om klasonderrig aan te teken, om op 'n betekenisvolle manier na te dink oor die onderrig en om bewys te lewer van die deurlopende ontwikkeling van die leerder. • Ondersteuningsmateriaal en praktiese klasaktiwiteite kan gebruik word. • Integrasie van praktiese ervarings en teoretiese materiaal moet duidelik uit die opdrag blyk. • Dramatiese Kunste-terminologie moet gebruik word in die skryf van die opdrag. • Individuele terugskouing en ontwikkeling van teoretiese begrip deur praktiese werk, selfs in die geval van 'n groepaktiwiteit, moet duidelik uit die opdrag blyk. • Gespesialiseerde taal, in die geval van IKS (inheemse kennisstelsels), moet gehandhaaf word <ul style="list-style-type: none"> ▪ Daar word voorgestel dat die opdrag as voorbereiding vir die PAT-aanbieding en die praktiese komponent van die praktiese eksamen gebruik word.
5	<p>VOORBEELDE van 'n opdraginskrywing:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Joernaalinskrywing • Collage • Montage in A0 formaat • Visuele beelde (bv. foto's, video, DVD, oudio-opnames, ens.) • Paragrafe • Kreatiewe opstel • Werkkaart wat deur die opvoeder ontwerp is • Voorbereiding vir finale praktiese opvoering • Terugskouing oor uitstappies, veldwerk, gemeenskapsruimtes bv. filmontleding, teaterresensies, ens.
6	<p>PUNTE TOEGEKEN</p> <ul style="list-style-type: none"> • Raadpleeg Vakassesseringsriglyne: Program van Assessering • Praktiese Assesseringstaak • Assesseringsmatriks word aan leerders gegee as deel van die opdrag of instruksies • Punte word toegeken volgens die voldoening aan kriteria in die assesseringsmatriks • 25 punte toegeken vir voorbereiding (opdrag) • 25 punte toegeken vir aanbieding

OPDRAG: ANALITIESE MATRIKS					
KRITERIA	0-3	4-7	8-15	16-19	20-25
Bepanings-vaardighede	Die leerder sukkel met probleem-oplossing en toon swak beplannings-vaardighede.	Die leerder demonstreer 'n beperkte vermoë om probleme op te los en doen elementêre beplanning	Die leerder is in staat om probleme kreatief deur effektiewe beplanning op te los.	Die leerder is in staat om probleme op te los deur beplanning wat werkbaar en gepas is vir die proses.	Die leerder demonstreer kreatiewe en kognitiese vaardighede deur deeglike beplanning. 'n Wye reeks verbeeldingryke prosesse word gebruik om 'n geleentheid vir ondersoek te bied.
Toegepaste vaardighede	Die leerder sukkel om vaardighede toe te pas en demonstreer swak bestuur van die proses.	Die leerder sukkel met die uitvoering en implementering van beplanning en integrasie van vaardighede. Daar word aan sommige vereistes voldoen.	Die leerder voer planne uit en integreer 'n verskeidenheid vaardighede wat bydra tot voldoening aan die vereistes.	Die leerders kan planne uitvoer en het die vermoë om konseptuele/ praktiese/ ontwerp- en proses-vaardighede te integreer wat bydra tot voldoening aan die vereistes.	Die leerder bestuur en voer leierskap op 'n kreatiewe manier uit. Toon onafhanklike inisiatief in die integrasie van 'n uitgebreide verskeidenheid vaardighede wat bydra tot voldoening aan die vereistes.
Optekening- en oordenkings-vaardighede	Die leerder toon 'n elementêre gebruik van woordeskat sonder 'n bewustheid van style, vorme en konvensies in die eindproduk.	Die leerder sukkel om woordeskat te gebruik. Demonstreer 'n beperkte kennis van die style, vorme en konvensies wat vir die proses en eindproduk vereis word.	Die leerder is in staat om 'n beperkte woordeskat te gebruik en kan style, vorme, konvensies en prosesse by die eindproduk inkorporeer.	Die leerder gebruik relevante woordeskat effektief en toon bewustheid van die insluiting van style, vorme, prosesse en konvensies in die finale produk.	Die leerder kan gespesialiseerde gebruik van woordeskat (bv. dramatiese terminologie / genre / wêreldbeskouing wat verteenwoordiging van ras, klas, geslag en kultuur insluit) demonstreer en is in staat om menslike ooreenkomste, diversiteit en ervaring krities te evalueer. Gebruik relevante vorms, style, konvensies en prosesse in die finale aanbieding.

Die **aanbiedingskomponente** van die 3 PAT's.

Raadpleeg opskrifte van assesseringsinstrumente hieronder en blaai na voorbeelde verder in die dokument.

MATRIKS 1: GROEP OF INDIVIDUEEL: GENERIESE MATRIKS

MATRIKS 2: INDIVIDUEEL: HOLISTIESE MATRIKS

MATRIKS 3: MONOLOOG

MATRIKS 4: TONEELUITTREKSEL

MATRIKS 5: POËSIE

MATRIKS 6: PROSA

MATRIKS 7: BEWEGING

MATRIKS 1: GROEP OF INDIVIDUEEL: GENERIESE MATRIKS

(Die volgende is 'n vinnige, holistiese matriks of waarnemingsblad)

GROEPWERK	Vlak behaal					SOLOWERK	Vlak behaal				
Algemene Voorbereiding	5	4	3	2	1	Moeite met aanbieding	5	4	3	2	1
Ensemblespel	5	4	3	2	1	Fokus/konsentrasie	5	4	3	2	1
Kreatiwiteit/Oorspronklikheid	5	4	3	2	1	Gepaste aanbiedingsenergie	5	4	3	2	1
Verhoogimpak van aanbieding	5	4	3	2	1	Verskeidenheid deur program	5	4	3	2	1
Impak van program	5	4	3	2	1	Geloofwaardigheid van aanbieding	5	4	3	2	1

MATRIKS 2: INDIVIDUEEL: HOLISTIESE MATRIKS

	Die leerder het:	Vlak behaal				
1	'n Begrip van die karakter in konteks gedemonstreer	5	4	3	2	1
2	'n Geloofwaardige omgewing geskep en oorgedra	5	4	3	2	1
3	Stem effektief gebruik	5	4	3	2	1
4	'n Goeie fisiese karakterisering gedemonstreer.	5	4	3	2	1
5	Die verhoogspasie effektief en kreatief gebruik.	5	4	3	2	1
6	Emosioneel met die karakter geïdentifiseer.	5	4	3	2	1
7	Subteks en doelwitte oorgedra.	5	4	3	2	1
8	'n Aangrypende aanbieding geskep.	5	4	3	2	1

MATRIKS 3: MONOLOOG

MONOLOOG:					
Kriteria:	5	4	3	2	1
Vorbereiding					
Begrip van monoloog					
Vokale karakterisering					
Vokale suiwerheid					
Fisiese karakterisering					
Verhoogsin – gebruik van ruimte					
Emosionele verbintenis					
Vertolking van subteks					
Interpretasie van karakter					
Verhouding met luisteraar					
Geloofwaardigheid					
Struktuur van monoloog					
Ritmes/vorm van monoloog					
Skep van gepaste genre, styl					
Impak van monoloog					
TOTAAL					[30]

MONOLOOG			
KRITERIA	Voldoen ten volle (2)	Voldoen gedeeltelik (1)	Voldoen glad nie (0)
Vorbereiding:	Die leerder ken die woorde van die monoloog en lewer bewys van oordenking, beplanning en repetisie	Die leerder ken die woorde, maar daar is tekens van onsekerheid of 'n gebrek aan repetisie.	Die leerder ken nie die woorde van die monoloog nie en lewer geen bewys van oordenking, beplanning en repetisie nie.
Begrip van monoloog:	Die leerder demonstreer 'n begrip van die monoloog soos dit in die konteks van die drama as 'n geheel staan. Hy/Sy verstaan die basiese dilemma/konflik van die monoloog, sy/haar karakter en hul motiverings.	Daar is bewyse van gedeeltelike begrip van die monoloog, maar sekere aspekte is oorgesien, of dit word nie deurgans volgehou nie. Daar kan 'n moontlike misinterpretasie van die gegewe omstandighede wees.	Die leerder demonstreer min of geen begrip van die monoloog soos dit in die konteks van die drama as 'n geheel staan nie. Sy/Hy verstaan nie die basiese dilemma/konflik van die monoloog, sy/haar karakter en hul motiverings nie. Daar is 'n totale misinterpretasie van die gegewe omstandighede.
Vokale karakterisering	Die leerder demonstreer 'n begrip van hoe al die stemelemente saamwerk om die persoonlikheid, agtergrond, klas, ouderdom, opvoeding en status van die spreker te kommunikeer. Hy/Sy is in staat om 'n teks te interpreteer, gepaste keuses vir karakterisering te maak en hierdie gekose karakterisering te gebruik sonder om die stem te ooreis. Hierdie karakterisering kan insluit: toonhoogte, intonasie, omvang, ritme, aksent, toon en kwaliteit om die stem van die karakter suksesvol en gepas oor te dra.	Die leerder is gedeeltelik suksesvol in die skep en volhou van 'n vokale karakterisering, of daar is aanduidings van vokale ooreising. Sekere aspekte van die karakterisering mag onvanpas wees vir die betrokke karakter of konteks.	Die leerder slaag nie daarin om 'n vokale karakterisering te skep en vol te hou nie, or daar is vokale ooreising dwarsdeur die opvoering. Die vokale karakterisering is onvanpas vir die betrokke karakter of konteks.
Vokale suiwerheid	Die leerder praat duidelik en hoorbaar vir duidelike kommunikasie. Hy/Sy is in staat (binne sekere beperkings) om die gepaste volume vir 'n ruimte te gebruik sonder om die stem te ooreis.	Die leerder behaal gedeeltelike sukses in duidelike en hoorbare spraak vir duidelike kommunikasie. Daar is momentele insinkings, of daar is oomblikke van ooreising.	Die leerder slaag nie daarin om duidelik en hoorbaar vir duidelike kommunikasie te praat nie. Volume kan slegs met vokale ooreising verkry word.
Fisiese karakterisering	Die leerder demonstreer die vermoë om sy/haar liggaam in terme van postuur, energie, gewig, grootte en kwaliteit van gebare, fisiese ritmes en gewoontes aan te pas om sodoende die fisikaliteit van sy/haar karakter oor te dra.	Die leerder is gedeeltelik suksesvol in die skep en volhou van 'n fisiese karakterisering, or daar is aanduidings van onnodige ooreising. Sekere aspekte van die karakterisering is onvanpas vir die betrokke karakter of konteks.	Die leerder slaag nie daarin om 'n fisiese karakterisering te skep en te volhou nie, or daar is uitermatige, onnodige spanning wat dwarsdeur die opvoering bespeur kan word. Die fisiese karakterisering is onvanpas vir die betrokke karakter of konteks.
Verhoogsin – gebruik van ruimte	Die leerder demonstreer die vermoë om die verhoogruimte gepas en interessant op so 'n manier te gebruik dat die aanbieding duidelik aan die gehoor gekommunikeer word. Alle bewegings is gemotiveer. (LET WEL: In 'n monoloog kan min/geen beweging gepas wees, maar die fokus moet dan val op hoe die grootte van die speelruimte gevul moet word sodat die gehoor deur die aanbieding geraak word.)	Die leerder is gedeeltelik suksesvol in die gepaste en interessante gebruik van die verhoogruimte. Dit kan as gevolg van sefbewustheid, maskering en momentele onsekerheid of ongemotiveerde bewegings wees.	Die leerder slaag nie daarin om die verhoogruimte gepas en interessant te benut nie. Hy/Sy is heeltyd sefbewus, 'upstage' hom-/haarself, is onseker en beweeg sonder motivering.
Emosionele verbinding	Die leerder demonstreer die vermoë om gepas en effektief met die emosies van sy/haar karakter te verbind sodat die gehoor oortuigend word van die waarheid van die emosies.	Die leerder is gedeeltelik suksesvol in terme van 'n effektiewe en gepaste verbinding met die emosies van sy/haar karakter. Dit is dalk nie deurlopend oortuigend nie, of hy/sy reageer soms onvanpas.	Die leerder slaag nie daarin om effektief en gepas met die emosies van sy/haar karakter te verbind nie. Hy/Sy is nie oortuigend nie, or sy/haar emosionele keuses is heeltemal onvanpas.

Vertolking van subteks	Die leerder demonstreer 'n begrip van die subteks en bedoeling, sodat die karakter se spreekbeurte en aksies verstaanbaar is vir 'n gehoor. Die karakter is innerlike lewe/realisme word ontgin en dwarsdeur die opvoering volgehou.	Die leerder is gedeeltelik suksesvol in die vertolking van die subteks en bedoeling, en maak die karakter se spreekbeurte en aksies verstaanbaar vir die gehoor. Die karakter se innerlike lewe/realisme word nie volledig deur die hele aanbieding volgehou nie.	Die leerders slaag nie daarin om die subteks en bedoeling te vertolk nie. Spreekbeurte en aksies kom ongemotiveerd voor, daar is min bewys dat die subteks oordink is, spreekbeurte word afgerammel/opgesê en die karakter se innerlike lewe/realisme word nie deur die opvoering volgehou nie.
Interpretasie van karakter	Die leerder interpreteer die karakter op 'n intelligente wyse en maak keuses wat effektief en gepas is, gebaseer op sy/haar kennis van die drama waaruit die monoloog geneem is.	Die leerder is gedeeltelik suksesvol in die interpretasie van die karakter. Sekere keuses is nie so effektief of gepas as wat verwag kan word nie, of daar is tekens van 'n gebrek aan begrip van die gegewe omstandighede van die drama.	Die leerder slaag nie daarin om die karakter te interpreteer nie. Hy/Sy maak heeltemal onvanpaste keuses wat nie effektief is nie, en daar is bewys van misinterpretasie van die omstandighede van die drama.
Verhouding met luisteraar	Die leerder demonstreer die vermoë om die luisteraar (denkbeeldige medespeler) deur visualisering te skep of, indien gepas, deur die gehoor as die luisteraar te gebruik. Hy/Sy demonstreer dwarsdeur die monoloog 'n begrip van die karakter se status teenoor die luisteraar en die moontlike reaksies op wat gesê word.	Die leerder kan met gedeeltelike sukses die luisteraar deur visualisering skep of die gehoor as luisteraar gebruik. Daar is beperkte begrip van die karakter se status teenoor die luisteraar, maar geen sin van watter reaksies daar is nie.	Die leerder slaag nie daarin om die luisteraar deur visualisering te skep nie. Daar is min begrip van die karakter se status teenoor die luisteraar of wat hul moontlike reaksies kan wees.
Geloofwaardigheid	Die leerder is te alle tye geloofwaardig binne die konteks van die monoloog.	Die leerder is by tye geloofwaardig binne die konteks van die monoloog.	Die leerder is selde geloofwaardig binne die konteks van die monoloog.
Struktuur van monoloog	Die leerder demonstreer 'n begrip van hoe die dramaturg die monoloog gestruktureer het. Die monoloog het 'n duidelike begin, middel en einde. Daar is 'n klimaks of hoogtepunt in die monoloog.	Die leerder het nie 'n duidelike begin, middel en einde nie. Die klimaks word nie volledig gerealiseer nie.	Daar is min bewyse van struktuur, geen werklike sin van 'n begin, middel en einde nie, en die klimaks word nie gerealiseer nie.
Ritmes/vorms van monoloog	Die leerder demonstreer 'n begrip van die styging en daling van die monoloog, die gebruik van tempo om te beklemtoon of na 'n klimaks op te werk, en die verskuivende ritmes van verskillende slae (<i>beats</i>) binne die monoloog.	Die leerder skep nie deurgans genoeg verskeidenheid binne die monoloog nie. Tempo is by tye te reëlmatig of monotoon en daar is min bewys van verskillende slae in die monoloog.	Daar is min of geen variasie in die monoloog nie, tempo is te reëlmatig en daar is geen bewys van verskillende slae in die monoloog nie.
Skep van gepaste genre/styl	Die leerder demonstreer die vermoë om genre en styl gepas te interpreteer en om aan die vereistes van die genre/styl te voldoen in terme van aspekte soos verhouding tot die gehoor, geloofwaardigheid binne die styl, tydsberekening, gepaste fisiese aksie, ens.	Die leerder probeer om styl en genre gepas te interpreteer, maar die vereistes van die genre/styl word nie volledig gerealiseer deur die monoloog nie.	Min of geen poging word aangewend om die genre en styl gepas te interpreteer nie en die vereistes van die genre/styl word nie deur die monoloog gerealiseer nie.
Impak van monoloog	Die monoloog is onvergeetlik, effektief en innemend.	Die monoloog het enkele onvergeetlike, effektiewe en innemende oomblikke, maar dit is inkonsekwent.	Die monoloog het min of geen onvergeetlike, effektiewe of innemende oomblikke nie.

MATRIKS 4: TONEELUITTREKSEL

TONEELUITTREKSEL:					
Kriteria	5	4	3	2	1
Vorbereiding					
Begrip van toneel					
Vokale karakterisering					
Vokale suiwerheid					
Fisiese karakterisering					
Verhoogsin - gebruik van ruimte					
Emosionele verbinding					
Vertolking van subteks					
Interaksie – luister					
Ontwikkeling van verhouding					
Geloofwaardigheid					
Struktuur van toneel					
Ritme/vorm van toneel					
Skepping van gepaste genre, styl					
Impak van toneel					
TOTAAL	[30]				

TONEELUITTREKSEL			
	Voldoen ten volle (2)	Voldoen gedeeltelik (1)	Voldoen glad nie (0)
Vorbereiding	Die leerder ken die woorde van die toneel en lewer bewys van oordenking, beplanning en repetisie.	Die leerder ken die woorde, maar daar is bewys van onsekerheid of 'n gebrek aan repetisie.	Die leerder ken nie die woorde van die toneel nie, en lewer geen bewys van oordenking, beplanning en repetisie nie.
Begrip van toneel	Die leerder demonstreer 'n begrip van die toneel soos dit binne die konteks van die drama as 'n geheel staan. Sy/Hy verstaan die basiese dilemma/konflik van die toneel en die karakters en hul motivering.	Daar is bewys van 'n mate van begrip van die toneel, maar sekere aspekte is oorgesien, of is nie deurlopend konsekwent nie. Daar mag moontlik 'n verkeerde interpretasie van die gegewe omstandighede wees.	Die leerder demonstreer min of geen begrip van die toneel soos dit in die konteks van die drama as 'n geheel staan nie. Hy/Sy verstaan nie die basiese dilemma/konflik van die toneel, sy/haar karakter en hul motiverings nie. Daar is 'n totale misinterpretasie op grond van die gegewe omstandighede.
Vokale karakterisering	Die leerder demonstreer 'n begrip van hoe al die stemwerkelemente saamwerk om die persoonlikheid, agtergrond, klas, ouderdom, opvoeding en status van die spreker te kommunikeer. Hy/Sy is in staat om 'n teks te interpreteer, gepaste keuses vir karakterisering te maak en die gekose eienskappe te gebruik sonder vokale ooreising. Hierdie eienskappe kan insluit toonhoogte, intonasie, omvang, ritme, aksent, toon en kwaliteit sodat dit die stem van die karakter suksesvol en gepas oordra.	Die leerder is gedeeltelik suksesvol in die skep en volhou van 'n vokale karakterisering, of daar mag moontlik tekens van vokale ooreising wees. Sekere aspekte van die karakterisering mag moontlik onvanpas wees vir die betrokke karakter of konteks.	Die leerder slaag nie daarin om 'n vokale karakterisering te skep en vol te hou nie, of daar is deurgans vokale ooreising tydens die opvoering. Die vokale karakterisering is onvanpas vir die spesifieke karakter of konteks.
Vokale suiwerheid	Die leerder is in staat om duidelik en hoorbaar vir duidelike kommunikasie te praat. Hy/Sy is in staat om (binne sekere beperkings) die gepaste volume vir 'n ruimte te gebruik sonder vokale ooreising.	Die leerder slaag gedeeltelik daarin om duidelik en hoorbaar te praat vir duidelike kommunikasie. Daar is momentele insinkings, of daar is oomblikke van ooreising.	Die leerder slaag nie daarin om duidelik en hoorbaar vir duidelike kommunikasie te praat nie. Volume kan slegs met vokale ooreising verkry word.

Fisiese karakterisering	Die leerder demonstreer die vermoë om sy/haar liggaam aan te pas in terme van postuur, energie, gewig, grootte en kwaliteit van gebare, fisiese ritmes en gewoontes om die fisikaliteit van sy/haar karakter suksesvol en gepas oor te dra.	Die leerder is gedeeltelik suksesvol in die skep en volhou van 'n fisiese karakterisering, of daar is aanduidings van onnodige ooreising. Sekere aspekte van die karakterisering mag dalk onvanpas wees vir die spesifieke karakter of konteks.	Die leerder slaag nie daarin om 'n fisiese karkaterisering te skep en vol te hou nie, of daar is uitermatige, onnodige spanning wat tydens die optrede vertoon word. Die fisiese karakterisering is onvanpas vir die betrokke karakter of konteks.
Verhoogsin – gebruik van ruimte	Die leerder demonstreer die vermoë om die verhoogruimte gepas en interessant te benut sodat die aanbieding duidelik met die gehoor kommunikeer en begrip van die veranderende dinamika van die verhoudings wat ondersoek word, aandui. Alle bewegings is gemotiveerd.	Die leerder is gedeeltelik suksesvol in die gepaste en interessante benutting van die verhoogruimte. Dit kan as gevolg van selfbewustheid, 'upstaging' van hom-/haarself of ander, momentele onsekerheid of ongemotiveerde bewegings wees.	Die leerder slaag nie daarin om die verhoogruimte gepas en op 'n interessante manier te gebruik nie. Hy/Sy is deurentyd selfbewus, 'upstage' hom-/haarself en ander, is onseker en beweeg dikwels sonder motivering.
Emosionele verbinding	Die leerder demonstreer die vermoë om gepas en effektief met die emosies van sy/haar karakter te verbind sodat die gehoor oortuig word van die waarheid van hierdie emosies.	Die leerder is gedeeltelik suksesvol in sy/haar gepaste en effektiewe verbinding met die emosies van die karakter. Hy/sy is dalk nie te alle tye oortuigend nie, of hy/sy reageer momenteel onvanpas.	Die leerder slaag nie daarin om gepas en effektief met die emosies van sy/haar karakter se verbind nie. Hy/Sy is glad nie oortuigend nie, of sy/haar emosionele keuses is heeltemal onvanpas.
Vertolking van subteks	Die leerder demonstreer 'n begrip van subteks en bedoeling, sodat die karakter se spreekbeurt en aksies verstaanbaar gemaak word vir 'n gehoor. Die karakter se innerlike lewe/realisme word ondersoek en dwarsdeur die aanbieding volgehou.	Die leerder is gedeeltelik suksesvol in die vertolking van subteks en bedoelings, en om die karakter se spreekbeurte en aksies verstaanbaar te maak vir 'n gehoor. Die karakter se innerlike lewe/realisme word nie dwarsdeur die optrede volgehou nie.	Die leerder slaag nie daarin om subteks en bedoelings te vertolk nie. Spreekbeurte en aksies kom ongemotiveerd voor. Daar is min bewys dat daar oor die subteks besin is. Spreekbeurte word afgerammel/opgesê en die karakter se innerlike lewe/realisme word nie deur die optrede volgehou nie.
Interaksie – luister	Die leerder demonstreer die vermoë om in karakter te bly wanneer hy/sy nie praat nie of die fokus van die aandag is nie, en hou aan om heeltyd te reageer en na die ander karakters op die verhoog te luister.	Die leerder bly nie heeltyd in karakter wanneer hy/sy nie praat of nie die fokus van die aandag is nie. Hy/Sy reageer en luister nie deurlopend na die ander karakters in die toneel nie.	Daar is min of geen bewys dat die leerder in karakter bly as hy/sy nie praat of nie deel is van die fokus van die aandag nie. Daar is min reaksie op die ander karakters en min of geen teken dat geluister word nie.
Ontwikkeling van verhouding	Die leerder demonstreer 'n begrip van sy/haar karakter se status teenoor die ander karakters in die toneel en hy/sy laat die verhouding tussen die karakters gepas groei, ontwikkel en verander.	Die leerder is inkonsekwent in die demonstrasie van die karakter se status in verhouding tot die ander karakters in die toneel. Die verhouding tussen die karakters groei, ontwikkel en verander nie op 'n gepaste wyse nie.	Die leerder is onbewus van die karakter se status teenoor die ander karakters in die toneel. Die verhouding tussen die karakters groei, ontwikkel en verander nie deur die loop van die toneel nie.
Geloofwaardigheid	Die leerder is te alle tye geloofwaardig binne die konteks van die toneel of drama.	Die leerder is by tye geloofwaardig binne die konteks van die toneel of drama.	Die leerder is selde geloofwaardig binne die konteks van die toneel of drama.
Struktuur van toneel	Die leerder demonstreer 'n begrip van hoe die dramaturg die toneel gestruktureer het. Die toneel het 'n duidelike begin, middel en einde. Daar is 'n klimaks of hoogtepunt in die toneel.	Die leerder het nie 'n duidelike begin, middel en einde nie. Die klimaks word nie volledig gerealiseer nie.	Daar is min bewys van struktuur, geen werklike sin van 'n begin, middel of einde nie, en die klimaks word nie gerealiseer nie.
Skep van gepaste genre/styl	Die leerder demonstreer die vermoë om die genre/styl gepas te interpreteer in terme van aspekte soos die verhouding met die gehoor, geloofwaardigheid binne die styl, tydsberekening, gepaste fisiese aksie ens.	'n Poging word aangewend om genre en styl gepas te interpreteer, maar die vereistes van die genre/styl word nie dwarsdeur die toneel volledig gerealiseer nie.	Daar is min of geen poging om die genre en styl gepas te interpreteer nie, en die vereistes van die genre/styl word nie deur die toneel gerealiseer nie.
Impak van toneel	Die toneel is onvergeetlik, effektief en innemend.	Die toneel het sommige onvergeetlike, effektiewe en innemende oomblikke, maar dit is inkonsekwent.	Die toneel het min of geen onvergeetlike, effektiewe, en innemende oomblikke nie.

MATRIKS 5: POËSIE

POËSIE-AANBIEDING:					
KRITERIA	5	4	3	2	1
Voorbereiding					
Begrip van gedig					
Uitdrukking van betekenis					
Vokale uitdrukkingsvermoë					
Vokale suiwerheid					
Fisiese werk					
Emosionele verbinding					
Skep van 'n gepaste atmosfeer					
Gebruik van poëtiese elemente					
Impak van gedig					
TOTAAL	[30]				

POËSIE			
KRITERIA	Voldoen volledig (2)	Voldoen gedeeltelik (1)	Voldoen glad nie (0)
Voorbereiding	Die leerder ken die woorde van die gedig en lewer bewys van oordenking, beplanning en repetisie.	Die leerder ken die woorde, maar daar is tekens van onsekerheid of 'n gebrek aan repetisie.	Die leerder ken nie die woorde van die gedig nie en lewer geen bewys van besinning, beplanning en repetisie nie.
Begrip van gedig	Die leerder demonstree 'n begrip van die gedig en die interpretasie is gepas en gemotiveerd.	Die leerder demonstree 'n redelike begrip van die gedig en sy/haar interpretasie is meestal gepas en gemotiveerd wees.	Die leerder demonstree geen begrip van die gedig nie en sy/haar interpretasie is nie gepas of gemotiveerd nie.
Uitdrukking van betekenis	Die leerder verstaan hoe om betekenis oor te dra deur elemente soos frasering, pouses, beklemtoning, intonasie en stemtoon (kwaliteit). Hy/Sy is in staat om 'n teks te interpreteer deur hierdie elemente te gebruik en kommunikeer die betekenis van die teks duidelik en met gevoel.	Die leerder is net gedeeltelik suksesvol in die oordra van die betekenis van die gedig. Die betekenis is nie altyd duidelik of ekspressief nie.	Die leerder slaag nie daarin om die betekenis van die gedig suksesvol weer te gee nie. Die betekenis word onduidelik of sonder gevoel oorgedra.
Vokale uitdrukkingsvermoë	Die leerder is in staat om 'n gebalanseerde, aangename stemkwaliteit te skep wat uniek is en geen tekens van ooreising toon nie. Sy/Hy verken en benut die ekspressiewe, interpretatiewe en musikale aspekte van spraakklanke om sodoende subtiele betekenis uit te druk en toon/atmosfeer weer te gee.	Die leerder se stem is nie deurentyd gebalanseer en aangenaam om na te luister nie, of daar is tekens van vokale ooreising. Hy/Sy is nie heeltemal suksesvol in die verkenning en benutting van die ekspressiewe, interpretatiewe en musikale aspekte van spraakklanke om sodierende subtiele betekenis uit te druk en toon/atmosfeer weer te gee nie.	Die leerder se stem is nie gebalanseer of aangenaam om na te luister nie, of daar is tekens van oormatige vokale ooreising. Hy/Sy is glad nie suksesvol in die verkenning en benutting van die ekspressiewe, interpretatiewe en musikale aspekte van spraakklank sodat subtiele betekenis en toon/atmosfeer oorgedra kan word nie.
Vokale suiwerheid	Die leerder is in staat om duidelik en hoorbaar te praat vir duidelike kommunikasie. Hy/Sy kan (binne sekere beperkings) die gepaste volume vir 'n ruimte gebruik, sonder vokale ooreising.	Die leerder slaag deels daarin om duidelik en hoorbaar te praat vir duidelike kommunikasie. Daar is momentele insinkings, of daar is oomblikke van ooreising.	Die leerder slaag nie daarin om duidelik en hoorbaar te praat vir duidelike kommunikasie nie. Volume kan slegs met vokale ooreising verkry word.
Fisiese werk	Die leerder kies beweging of stilte wat gepas is vir die gedig en sy/haar interpretasie daarvan. Hy/Sy demonstree beheer oor sy/haar liggaam om onnodige spanning te verlig en optimale liggaamsgerigtheid en balans te bewerkstellig. Die liggaam ondersteun die stem en word ten volle geïntegreer.	Die leerder se keuse van beweging of stilte is nie altyd gepas vir die gedig nie, of daar is 'n gebrek aan beheer oor sy/haar fisikaliteit en bewegings, of daar is by tye tekens van onnodige spanning of die liggaam is nie volledig by die gedig geïntegreer nie.	Die leerder kies beweging of stilte wat nie by die gedig pas nie, of daar is min of geen beheer oor sy/haar fisikaliteit nie, of daar is tekens van oormatige en onnodige spanning, of die liggaam is glad nie by die gedig geïntegreer nie.

Emosionele verbinding	Die leerder is in staat om gepas en effektief met die emosies van die personasie in die gedig te verbind sodat die gehoor oortuig word van die waarheid van die emosies.	Die leerder is gedeeltelik suksesvol in 'n gepaste en effektiewe verbinding met die emosies van die personasie van die gedig. Hy/Sy is dalk nie heeltyd oortuigend nie, of reageer soms onvanpas.	Die leerder slaag nie daarin om gepas en effektief met die emosies van die personasie in die gedig te verbind nie. Hy/Sy is glad nie oortuigend nie, of sy/haar emosionele keuses is heeltemal onvanpas.
Skep van 'n gepaste atmosfeer	Die leerder gebruik vokale en fisiese uitdrukking om 'n gepaste toon/atmosfeer vir die gedig te skep.	Die skep van toon/atmosfeer is soms inkonsekwent of onvanpas, of word nie dwarsdeur die gedig volgehou nie.	Daar is min of geen bewys van 'n begrip van die toon/atmosfeer, of die vermoë om dit effektief te skep deur die gebruik van stem en liggaam nie.
Gebruik van poëtiese elemente	Die leerder demonstreer die bemeestering van die poëtiese elemente wat eie aan die gedig is, insluitend die gebruik van pouses, reël- en verslengtes, ritme, metrum, rym, beeldspraak, register en toon.	Nie alle poëtiese elemente word suksesvol hanteer nie.	Min, indien enige poëtiese elemente is goed hanteer.
Impak van gedig	Die leerder se aanbieding is onvergeetlik, effektief en innemend.	Die gedig het enkele onvergeetlike, effektiewe en innemende oomblikke, maar dit is inkonsekwent.	Die gedig het min of geen onvergeetlike, effektiewe en innemende oomblikke nie.

MATRIKS 6: PROSA

PROSA-AANBIEDING:					
KRETERIA	5	4	3	2	1
Voorbereiding					
Begrip van prosa-uittreksel					
Oordrag van betekenis					
Vokale uitdrukkingsvermoë					
Vokale suiwerheid					
Fisiese werk					
Dramatisering as aanbieding					
Gebruik van vertellingstegnieke					
Skep van gepaste atmosfeer, genre, styl					
Impak van prosa-uittreksel					
TOTAAL	[30]				

PROSA			
KRITERIA	Voldoen ten volle (2)	Voldoen gedeeltelik (1)	Voldoen glad nie (0)
Voorbereiding	Die leerder ken die woorde van die prosa-uittreksel en lewer bewys van besinning, beplanning en repetisie.	Die leerder ken die woorde, maar daar is tekens van onsekerheid of 'n gebrek aan repetisie.	Die leerder ken nie die woorde van die prosa-uittreksel nie en lewer nie bewys van oordenking, beplanning en repetisie nie.
Begrip van prosa-uittreksel	Die leerder demonstreer 'n begrip van die prosa-uittreksel en sy/haar interpretasie is gepas en gemotiveerd.	Die leerder demonstreer 'n gedeeltelike begrip van die prosa-uittreksel en die interpretasie is meestal gepas en gemotiveerd.	Die leerder toon geen begrip van die prosa-uittreksel nie en die interpretasie is onvanpas en nie gemotiveerd nie.
Uitdrukking van betekenis	Die leerder dra betekenis suksesvol oor deur die gebruik van elemente soos frasiering, pouses, beklemtoning en vokale toon (kwaliteit). Hy/Sy is in staat om 'n teks te interpreteer deur hierdie elemente te gebruik en kommunikeer die betekenis van die teks duidelik en betekenisvol.	Die leerder is slegs gedeeltelik suksesvol om die betekenis van die prosa-uittreksel oor te dra. Die betekenis is nie altyd heeltemal duidelik of ekspressief nie.	Die leerder slaag nie daarin om die betekenis van die prosa-uittreksel oor te dra nie. Die betekenis is onduidelik of word op 'n niksseggende wyse oorgedra.
Vokale uitdrukkingsvermoë	Die leerder gebruik 'n gebalanseerde, aangename stemkwaliteit wat uniek en gepas is en geen tekens van ooreising toon nie. Hy/Sy verken en benut die ekspressiewe, interpretatiewe en musikale aspekte van spraakklanke om sodoende subtiele betekenis en toon/atmosfeer oor te dra.	Die leerder se stem is nie heeltyd gebalanseer of aangenaam om na te luister nie, of daar is tekens van vokale ooreising. Hy/Sy is nie heeltemal suksesvol in die verkenning en benutting van die ekspressiewe, interpretatiewe en musikale aspekte van spraakklanke om subtiele betekenis en toon/atmosfeer oor te dra nie.	Die leerder se stem is nie gebalanseer of aangenaam om na te luister nie, of daar is bewyse van vokale ooreising. Hy/Sy is nie suksesvol in die verkenning en benutting van die ekspressiewe, interpretatiewe en musikale aspekte van spraakklanke om subtiele betekenis en toon/atmosfeer oor te dra nie.
Vokale duidelikheid	Die leerder is in staat om duidelik en hoorbaar te praat vir duidelike kommunikasie. Hy/Sy is in staat om (binne sekere perke) die gepaste volume vir 'n ruime te gebruik sonder vokale ooreising.	Die leerder slaag gedeeltelik daarin om duidelik en hoorbaar te praat vir duidelike kommunikasie. Daar is momentele insinkings, of daar is oomblikke van ooreising.	Die leerder slaag nie daarin om duidelik en hoorbaar vir duidelike kommunikasie te praat nie. Volume kan slegs met vokale ooreising verkry word.

Fisiese werk	Die leerder kies gepaste bewegings of stilte vir die prosa-uitreksel en sy/haar interpretasie daarvan. Hy/Sy demonstreer beheer oor sy/haar liggaam om onnodige spanning te verlig en optimale liggaamgerigtheid en balans te verkry. Die liggaam ondersteun die stem en word daarby geïntegreer. Die liggaam word kreatief en ekspressief gebruik om tot die dramatisering van die prosa-uitreksel by te dra.	Die leerder se keuse van bewegings en stilte is nie altyd gepas vir die prosa-uitreksel nie OF daar is soms 'n gebrek aan beheer oor sy/haar fisikaliteit OF daar is soms tekens van oormatige spanning OF die liggaam is nie volledig by die prosa-uitreksel geïntegreer nie. Daar is soms bewys van kreatiwiteit en gevoelvolle uitdrukking in die gebruik van die liggaam.	Die leerder kies beweging of stilte wat nie by die prosa-uitreksel pas nie OF daar is min of geen beheer oor sy/haar fisikaliteit nie OF daar is tekens van uitermatige, onnodige spanning OF die liggaam is glad nie by die prosa-uitreksel geïntegreer nie. Daar is min of geen bewys van kreatiwiteit en gevoelvolle uitdrukking in die gebruik van die liggaam nie.
Dramatisering as aanbieding	Die leerder gebruik oorspronklike, effektiewe teatermetodes om die prosa-uitreksel te dramatiseer sodat dit as 'n aanbieding werk.	Die leerder is gedeeltelik suksesvol of oorspronklik in die gebruik van teatermetodes om die prosa-uitreksel te dramatiseer sodat dit as 'n aanbieding werk.	Die leerder slaag nie daarin om teatermetodes te gebruik om die prosa-uitreksel te dramatiseer sodat dit as 'n opvoering werk nie.
Gebruik van gepaste vertellingstegnieke	Die leerder is bewus van die styl van die storie en die vertellingstegnieke wat eie daaraan is (bv. Intsomi-vertelling, feeverhale of mites) Hy/Sy gebruik gepaste tegnieke in sy/haar opvoering, insluitend derdepersoonsvertelling, karakterskepping, die gebruik van sang of dreunsang, ens.	Die leerder is deels suksesvol in die gebruik van gepaste vertellingstegnieke, of gebruik party maar nie ander nie, of gebruik soms onvanpaste vertellingstegnieke wat nie by die styl van die storie pas nie.	Die leerder slaag nie daarin om gepaste vertellingstegnieke te gebruik nie, of gebruik onvanpaste vertellingstegnieke wat nie by die styl van die storie pas nie.
Skep van gepaste atmosfeer/styl/genre	Die leerder demonstreer die vermoë om vokale en fisiese uitdrukkingsvermoë te benut om 'n gepaste atmosfeer/styl/genre vir die prosa-uitreksel te skep.	Die leerder probeer soms om gerne en styl gepas te interpreteer, maar die vereistes van die genre/styl word nie dwarsdeur die prosa-uitreksel volledig gerealiseer nie.	Daar is min of geen poging om genre en styl gepas te interpreteer en die vereistes van die genre/styl word nie deur die prosa-uitreksel gerealiseer nie.
Impak van prosa-uitreksel	Die leerder se aanbieding is onvergeetlik, effektief en innemend.	Die prosa-uitreksel het onvergeetlike, effektiewe, innemende oomblikke, maar dit is nie konsekwent nie.	Die prosa-uitreksel het min of geen onvergeetlike, effektiewe of innemende oomblikke nie.

MATRIKS 7: BEWEGING

BEWEGING			
KRITERIA	GEDEELTELIK BEHAAL	BEHAAL	BEHAAL MET MERIETE
<p>Praktiese Vaardighede</p> <p>1. Jou vermoë om 'n reeks bewegings, choreografiese style en prosesse te verstaan</p>	Jy kan 'n beperkte reeks bewegings gebruik om sekwenste te skep en toon 'n bietjie begrip van die gebruik van ruimte, tyd en bewegingsdinamika.	Jy kan 'n verskeidenheid bewegings gebruik om 'n sekwenste te skep en toon 'n begrip van style en choreografieprosesse.	Jy kan 'n wye reeks bewegings gebruik om jou sekwenste te skep en jy kan verskillende choreografiese style en prosesse gebruik en verstaan. Jy toon 'n goeie begrip van die gebruik van ruimte, tyd en dinamika.
2. Jou vermoë om vaardigheid en selfvertroue te toon tydens 'n dansoptrede sodat jou idees verstaan word	Jy kan sommige van jou dansidees duidelik opvoer en moet nou meer selfvertroue kry wanneer jy jou werk aan ander wys.	Jy kan jou eie idees redelik goed opvoer sodat jou choreografiese idees gewoonlik verstaan word.	Jy voer jou werk duidelik en met selfvertroue op sodat jou choreografiese idees deur jou toeskouers verstaan word.
<p>Eksperimentering (Ontwikkeling en realisering van idees)</p> <p>1. Jou vermoë om 'n verskeidenheid stimuli, begeleidings en bewegingstyle te gebruik om 'n sekwenste te skep.</p>	Jy kan, met hulp, sommige stimuli en begeleidings gebruik om eenvoudige sekwenste te skep. Jy kan eenvoudige bewegingstyle gebruik om 'n opdrag te voltooi.	Jy begin om sommige stimuli en begeleidings met selfvertroue te gebruik om eenvoudige sekwenste te skep en 'n reeks bewegingstyle te ontwikkel.	Jy kan 'n wye reeks stimuli en begeleidings met selfvertroue gebruik om komplekse sekwenste te skep en toon uitstekende gebruik van verskillende bewegingstyle.
2. Jou vermoë om 'n idee uit te brei en te ontwikkel uit die oorspronklike stimulus om idees te toets, te kies of te verwerp met redes en met selfvertroue om die opdrag te voltooi.	Met hulp en aanmoediging kan jy 'n eenvoudige idee ontwikkel deur dit te toets en bewegings te kies wat volgens jou by die opdrag pas.	Jy kan met toenemende selfvertroue 'n idee ontwikkel en toets en bewegings kies om die opdrag te voltooi.	Jy kan 'n eenvoudige idee tot 'n komplekse sekwenste ontwikkel deur duidelike besluite oor jou werk te neem. Jy kan die redes waarom jy sekere bewegings gekies het met selfvertroue verduidelik en kan danswoordeskat gebruik om te verduidelik wat jy bedoel.
<p>Kritiese Bewustheid</p> <p>1. Jou vermoë om analitiese opmerkings te maak wat sal help om die struktuur en aanbieding van jou eie en ander se werk te verbeter.</p>	Wanneer jy daarvoor gevra word, kan jy kommentaar lewer op danswerk wat jy gesien het, om dit te help verbeter.	Jy kan opmerkings maak wat help om jou eie en ander persone se werk te verbeter.	Jy kan gedetailleerde en analitiese opmerkings oor danswerk maak wat help om verbeterings in struktuur en aanbieding aan te bring.
2. Jou vermoë om die werk van verskillende choreografe en dansstyle te vergelyk en te kontrasteer.	Jy kan ooglopende verbindings tussen verskillende danswerke raaksien met hulp en aanmoediging.	Jy kan verbindings en vergelykings tussen verskillende choreografiese dansstyle raaksien.	Jy kan subtiele verbindings en vergelykings tussen 'n verskeidenheid choreografiese dansstyle raaksien en kan duidelik beskryf wat jy bedoel.
3. Jou vermoë om die verskil tussen objektiewe beoordeling en persoonlike voorkeur te verstaan wanneer dansbewegings geskep, gebruik en opgevoer word.	Wanneer jy daarvoor gevra word, kan jy gesels oor hoekom jy van 'n dans hou deur woorde te gebruik wat die dansinhoud beskryf (bv. lyn, vorm, ritme, dinamika ens.)	Jy kan oor dans gesels deur gepaste woorde te gebruik en begin bewus raak van jou eie voorkeure en afkeure in beweging.	Jy toon 'n duidelike begrip van dansvorm en -struktuur deur die aanmerkings en woordeskat wat jy gebruik. Jy is bewus van jou eie voorkeure in beweging en kan dit ignoreer of gepas gebruik.
<p>Persoonlike en Sosiale Vaardighede</p> <p>1. Jou vermoë om saam te werk as 'n lid van 'n groep, en om idees te deel sodat die opdrag voltooi kan word.</p>	Jy kan soms met ander persone saamwerk en idees deel om 'n opdrag te voltooi.	Jy werk gewoonlik saam met ander persone en dra idees by tot die werk van die groep.	Jy werk goed saam as lid van 'n groep en deel baie idees oor die werk met die groep.
2. Jou vermoë om 'n idee te ontwikkel en om jou werk self te organiseer.	Jy kan sommige werkstukke op jou eie voltooi met hulp en aanmoediging.	Jy kan jou werk organiseer en eenvoudige idees op jou eie ontwikkel.	Jy is baie goed georganiseer en kan idees met sukses op jou eie ontwikkel.
3. Jou vermoë om te volhard deur alle stadiums en tipes werk.	Jy kan soms aanhou om aan 'n idee te werk van die begin tot die einde wanneer jy gehelp en aangemoedig word.	Jy kan gewoonlik van die begin tot die einde aan 'n idee werk.	Jy bly geïnteresseer in die opdrag deur al die ontwikkelingsstadiums en werk hard, selfs al is die opdrag moeilik.

6. OPTEKENING OF RAPPORTERING

Die doel van die PAT's is om die volgende te meet en te ontwikkel:

- Om leerders se vermoë om die leeruitkomste en assesseringstandaarde van die vak Dramatiese Kunste en die vaardighede, kennis en waardekomponente wat daarmee saamgaan, toe te pas.
- Aanleer, ontwikkeling en toepassing van praktiese en teoretiese Dramatiese Kunste-vaardighede.
- Integrasie van die teoretiese beginsels van hierdie vaardighede en die praktiese implementering van hier teoretiese beginsels.
- Verdieping en konsolidering van die leerders se teoretiese begrip van klasnotas deur praktiese toepassing.
- Voorbereiding vir die geskrewe en praktiese jaareindeksamens.

'N VERDUIDELIKING VAN OPTEKENING EN RAPPORTERING:

Hierdie is 'n voorbeeld van hoe 'n opvoeder punte kan toeken vir individuele werk in Dramatiese Kunste deur 'n holistiese matriks vir individuele werk te gebruik.

Gebruik die volgende stappe:

1. Bestudeer die kriteria voor die aanbieding en plaas die leerder dan in elke gepaste kolom.
2. Neem kennis dat die kriteria in hierdie matriks almal dieselfde gewig dra. Dit beteken 5 punte elk.
3. Maak nou 'n X in die relevante blokke na die leerder se aanbieding.
4. Tel die punte op en werk die finale punt uit.

INDIVIDUELE WERK		VLAK BEHAAL				
1	Voorbereiding: woorde, beplanning, repetisie	5	4 X	3	2	1
2	Begrip: konteks, motivering	5	4	3 X	2	1
3	Gepaste genre of styl	5	4	3 X	2	1
4	Vokale karakterisering: moduleer volgens karakter	5	4 X	3	2	1
5	Vokale suiwerheid: hoorbaar sonder ooreising	5	4 X	3	2	1
6	Fisiese karakterisering: postuur en fisikaliteit	5 X	4	3	2	1
7	Emosionele verbinding: verbind en dra oor	5	4	3 X	2	1
8	Subteks/Toon/Atmosfeer: verstaan en dra oor	5	4	3 X	2	1
9	Interpretasie van karakter: effektief en gepas	5	4 X	3	2	1
10	Verhouding met luisteraar: interaksie, reaksie	5	4 X	3	2	1
11	Geloofwaardigheid: binne konteks	5	4 X	3	2	1
12	Gebruik van ruimte: gemotiveer, logies, bekwaamheid	5 X	4	3	2	1
13	Struktuur van stuk: logiese ontwikkeling tot klimaks	5	4 X	3	2	1
14	Ritme/Vorm van stuk: variasie	5	4 X	3	2	1
15	Impak: vang gehoor vas, onvergeetlik	5	4 X	3	2	1

Totaal is 58 uit 'n moontlike 75, wat gelyk is aan 77%
Teken die punt aan soos in die VAR gestipuleer.